Oktober 2010
Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Daar is op die oomblik heelwat mense wat besig is om hul familiegeskiedenis te skryf. Onthou net dat daar ‘n groot verskil is tussen ‘n familiegeskiedenis en ‘n familiestorie. Dit is so maklik om familie-orlewering as ‘n feit te aanvaar sonder dat daar bewyse voor is en later glo almal dit. Ek is besig om navorsing te doen oor John Robert Lys. Van hom word byvoorbeeld gesê dat hy Landdros du Toit gehelp het met die tweede uitmeet van Pretoria se strate, maar volgens du Toit se seun het hy, sy pa en ‘n swart handlanger die werk gedoen. Dan word die volgende ook beweer oor sy vrou: “Olivia Selena Lys started the first hospital in Pretoria” – die waarheid is egter dat J.R. Lys ‘n lid was van die komitee om ‘n nuwe hospitaal te beplan [V 1880-07-31] en sy vrou het gehelp met fondsinsameling vir die nuwe hospitaal [All-01 p123]. Nog een van die mites is dat hy die eerste Engelsman in Pretoria was. In die Staatsargief is daar egter dokumente wat bewys dat die twee Devereau-broers en William Skinner lank voor hom alreeds in Pretoria was.

---------------------------------------------------

Hier volg nog ‘n stukkie geskiedenis van twee van die geboue op Kerkplein en die man aan wie dit behoort het – John Robert Lys. Behalwe waar anders vermeld kom al die inligting uit die Pretoriana Tydskrif nr. 74/75, bladsy 6–27.

<u>John Robert Lys, 17/1/1829 – 14/8/1880</u>
John Robert Lys is op 17 Januarie 1829 op een van die eilande in die Engelse kanaal gebore. Hy was die tweede seun van John Stephenson Lys, ‘n dominee van die Engelse Kerk van St. Anne op Alderney. Dit is nie seker wanneer hy na Suid-Afrika gekom het nie. Hy was in 1850 eers ‘n ruk in die Kaap en het later naby Harrismith geboer. Gedurende 1855 onderneem hy ‘n jagtog na die binneland en kom so vir die eerste keer in Pretoria aan.

<u>1857</u>
‘n Berig in die Staatskoerant lui dat John Robert Lys, vroeër van Nelsons-Kop, ‘n handelshuis in Pretoria open [S 1857-12-18]. Daar word ongelukkig nie genoem waar die handelshuis geleë was nie.

<u>1859</u>
Erf nr. 348 [nuwe nr. 413], op die suid-oostelike hoek van Kerkstraat en Kerkplein, is op 23 Februarie 1858 deur M.W. Pretorius getransporteer op die naam van John Robert Lys, wat tot met sy afsterwe in 1880 op die erf gewoon en sy winkel-besigheid aldaar voortgesit het. In 1884 het die erf oorgegaan in die besit van sy weduwee [Rex-03 p252]. Die huis staan bekend as “The Eyrie” maar geen foto bestaan wat aandui watter deel van die gebou die woonhuis en watter deel die winkel was nie.

In hierdie jaar trou hy met Olivia Selina Fry. Sy was die stiefdogter van eerwaarde Cole van Engeland. Vier van haar halfsusters het hulle ook in Pretoria gevestig en is hier getroud. Hulle was Isabella Louisa Cole [trou met Albert Brodrick], en Alexa Cole [trou met James Rous, uitgewer van De Volksstem]; een van die ander susters trou met Fraude en die vierde een trou met Harry Struben.

1864

John Robert Lys is nou al 'n bekende man in Pretoria. Hy word gekies as lid van die plaaslike skoolkommissie [S 1864-06-14] en hy word ook aangestel as vrederegter van Pretoria [S 1864-11-01]. Lys staan ook vir die Volksraadsverkiesing maar kry net 12 stemme en word nie gekies nie [S 1864-08-09].

1866

Daar word weer 'n Volksraadsverkiesing gehou en John Robert Lys word nou verkies [S 1866-07-31]. Hy het nou baie ysters in die vuur; o.a. stig hy 'n mynboumaatskappy [S 1866-07-31], 'n dranklisensie word aan hom toegeken, [S 1866-06-05] en hy adverteer dat sy ingevoerde perd Blondin te koop is [66-07-24].

1869

Daar is 'n berig in die koerant dat hy twee erwe, naamlik nrs. 340 en 341, gaan verkoop ten bate van die Engelse Kerkboufonds [1869-11-16]. Die twee erwe is in Kerkstraat tussen Schubart- en Potgieterstraat. Daar word ongelukkig nie later gemeld of die erwe wel verkoop is nie.

1871

John Robert Lys is 'n welbelese man. Hy adverteer dat hy meer as 200 boeke het wat hy wil verkoop [S 1871-05-09]. In dieselfde jaar word daar 'n lisensie aan hom toegestaan om as vertaler te werk [S 71-05-02].

'n Hartseer storie – op 26 Julie 1871 word sy seuntjie dood gebore. Hulle noem dit 'n "stillbirth".

1873

In De Volksstem word berig dat daar 'n inbraak by sy winkel was. Die winkel is reg oorkant die tronk [V 73-10-24]. 'n Week later word berig dat die diefstal deur twee van sy vakleerlinge ["apprentices"] gepleeg is.

Ek het twee foto's van Lys se huis, maar die kwaliteit is nie baie goed nie. Ek besluit toe om liewer hierdie foto te plaas waar die huis/winkel en die tronk gesien kan word.




Heel links op die foto is die huis en besigheid van J.R. Lys. Regs is die eerste Goewermenstgebou en reg agter dit Pretoria se eerste tronk. Hierdie foto is


geneem deur die fotograaf H.F. Gros. Gros het in 1882 weens swak gesondheid sy besigheid verkoop [V 1882-07-19], dus kan ons aflei dat die foto voor 1883 geneem is.

<u>1874</u>

In 1864 koop Lys Erf nr. 352 op die suid-oostelike hoek van Kerkstraat en Kerkplein [Rex-03 p251]. Dit is nie bekend of daar toe alreeds ‘n gebou gestaan het nie. In 1874 bou Lys ‘n nuwe pakhuis [winkel] op die erf. Hy verhuur die winkel aan Field & Nephew en in 1876 verkoop hy die westelike deel van die erf, en in 1878 die res van die erf, aan hulle [Rex-03 p251]. In 1878 ontbind die firma Field & Nephew en word nou Field en Hoffmann. Dit is nie meer onder die naam van J.R. Lys nie [V 1878-03-05].

Die winkel word vroeg in 1874 voltooi maar voordat die winkeliers intrek word dit eers vir ander dinge gebruik. Daar was op daardie stadium baie min groot “sale” in Pretoria en die dames maak van die kans gebruik om die volgende te reël: hulle hou ‘n bazaar in die pakhuis om geld in te samel vir vermaaklikheid en later word ook ‘n groot bal daar gehou om die winkel in te wy. Op ‘n Saterdagmiddag word ‘n bal vir kinders daar aangebied [V 1874-05-09].

Die volgende advertensies verskyn: 4 Julie: Lys bring sy goedere oor na die nuwe pakhuis. 11 Julie: die nuwe winkel van Field & Nephew is in die naam van J.R. Lys en daar is baie voorraad. Teëspoed kom na ‘n groot storm. In November is daar ‘n storm in Pretoria en die nuwe winkel se dak word gelig en die voorlys val op die stoep [V 1874-11-14].




Die winkel van Field en Hoffmann op Kerkplein. Die straat in die middel van die foto is Kerkstraat-Oos. Heel moontlik ook geneem deur H.F. Gros voor 1883. Heel links is die besigheid en kroeg van Albert Brodric, genoem “The hole in the wall”. Op die oorkantste hoek is Erf 352 en die winkel van Field en Hoffmann [eers Field & Nephew] wat oorspronklik aan J.R. Lys behoort het en deur hom laat bou is.

Dit is moeilik om te glo dat een persoon by so baie aktiwiteite betrokke kon wees. In 1874 sluit hy aan by die Vrywillige Artillerie Korps, dien op ‘n komitee om die regulasies van die artillerie te bepaal en word ook gekies as kommanderende offisier van die korps [S 1874-01-17]. ‘n Vergadering vir die

stigting van ‘n munisipaliteit word by sy huis gehou; hy dien op ‘n komitee vir die stigting van ‘n skool vir jong dames; is betrokke by die bestuur van die Vrymesselaars, die Pretoria Klub en die krieketklub; is ‘n beampte [“steward”] by die perdereisies; en verteenwoordig Pretoria in die Volksraad.

<u>1875</u>
John Robert Lys vier elke jaar die Engelse koningin se verjaarsdag deur ‘n saluut van 12 kanonskote voor sy huis af te vuur [V 75-05-29]. Hy het nou ook begin om daagliks Pretoria se temperatuur te meet [V 1875-05-29].

Thomas Baines besoek Pretoria in Januarie 1872. Hy maak drie skilderye van Pretoria wat hy verkoop aan Albert Brodrick, Herman Jeppe en J.R. Lys [Bol-01 p19]. Onder is ‘n afbeelding van die skildery wat hy vir Lys gemaak het. Dit beeld Pretoria vanaf Meintjeskop uit. Onder in die middel van die skildery is Lys se seun Godfrey en sy wit perd Sailor. Regs van die perd sit die skilder en werk. Die skildery is tans in die Africana Museum in Johannesburg. Daar word geen melding van Baines se besoek aan Pretoria in die ou koerante gemaak nie. Met die afsterwe van Baines in 1875 het J.R. Lys ‘n “memorial” vir hom gereël [V 1875-05-29].



<u>Pretoria vanaf Meintjeskop</u>

<u>1876</u>
Hy dien op die reëlingskomitee om president Burgers terug te verwelkom en tydens die onthaal lewer hy ‘n sangsolo [V 1876-05-06]. Daar was ook ‘n diefstal by sy huis. Slegs brandewyn word gesteel [V1876-01-01].

<u>1877</u>
Shepstone kom in Pretoria aan. John Robert Lys dien op die reëlingskomitee om hom te verwelkom [V 1877-01-20]. ‘n Paar maande later word ‘n resepsie

in die Raadsaal gehou en Lys is een van die mense wat aan Shepstone voorgestel word [V 1877-05-30].

1878

Met die koms van die Engelse bedank William Skinner as landdros. Hy sien nie kans om omder ‘n Engelse regering te werk nie. John Robert Lys reël Skinner se afskeidsete [V 1878-06-11].

1880

Dit is weer die koningin se verjaarsdag maar hierdie jaar sukkel J.R. Lys om geld in te samel vir kruid vir die kanon. Daar word ook geen ander feesvieringe gehou om die dag te gedenk nie [V 1880-05-29]. Daar is definitief nou ‘n anti-Britse gevoel in Pretoria.

Nadat hy ‘n jaar lank siek was sterf hy in Augustus 1878 aan beroerte. In die huldeblyk in die koerant word genoem dat hy in 1878 aangestel was as landdros en dat hy ‘n direkteur was van Field & Nephew [V 1880-08-17].

Bronnelys

All-01 Allen, Vivien. Kruger's Pretoria. A.A. Balkema. Kaapstad. 1971.
Bol-01 Bolsmann, Eric H. Pretoria: Artists’ Impressions 1857-2001. Protea Boekhuis. 2001.
Pr-74 Pretoriana Nommer 74 & 75 [Maart-Junie]. 1974.
Rex-03 Rex, H.M. Geskiedenis van die Eerste Ou Goewermentsgebou en sy Voorlopers in Pretoria. 1956. MA Verhandeling. Universiteit van Pretoria.
S = Staatskoerant
V = De Volksstem

---------------------------------------------------------------------------

Groete tot volgende maand
Rosa Swanepoel